

# KOERSVAS

Jaargang 4      Uitgawe 83      25 Maart 2016

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte

Kennisgewings



## REDAKSIONEEL

### Taal-Imperialisme

Daar is genoeg rede om te vermoed dat die stryd om die behoud van Afrikaans as taal in die toekoms feller gaan word. Dit lyk asof die geskiedenis homself telkens herhaal. Die slagspreuke soos *#afrikaansmustfall* en ander is duidelike tekens dat die Britte hulle taal-imperialistiese strewes aan 'n ander groep oorgedra het. Die EFF en ander 'bevrydingsgroepe' word om die bos gelei om te glo dat Engels die enigste akademiese taal is, dat Afrikaans die taal van die onderdrukker is. Die eerste bewering maak asof Afrikaans en Afrikaners dom is en dat daar geen plek vir Afrikaans by tersiêre instansies is nie. Die tweede bewering kontamineer Afrikaans en Afrikaners as dat Afrikaans en onderdrukking sinoniem is. 'n Eeu gelede was dieselfde taktiek gevolg. Toe is daar beweer Afrikaans was nie 'n taal vir intellektuele aktiwiteite nie en was Afrikaans as 'n kombuistaal aangedui, om so mense skaam te maak om Afrikaans te praat. Dit is vreemd dat die derde grootste taalgroep tot op datum so geduldig was oor die aanslae wat gerig is teen ons soetste taal. Jaap Steyn van Universiteit van die Vrystaat het 'n insiggewende artikel op

LitNet gepubliseer: *Afrikanerskap en taal by 'n paar Afrikaanse skrywers en ander intellektuele in die 1890's.*

<http://www.litnet.co.za/afrikanerskap-en-taal-by-n-paar-afrikaanse-skrywers-en-ander/>.

Die inligting wat hy daar weergee, word hier gebruik en lesers word aangemoedig om die akademiese artikel self te gaan lees.

Winston Kerkbult (Churchill) het gestel dat 'n nasie wat sy verlede vergeet, geen toekoms het nie. Voordat ons vergeet waar ons vandaan kom, en omdat die geskiedenis homself herhaal, is dit nodig om net weer die verlede op te haal. Met die Britse oornam van die Kaap het die Engelse begin met 'n aktiewe verengelsing van alles en almal. Onderwys het Engels geword, predikante wat gestuur is, was Metodiste, die administrasie, howe en vele meer was amptelik Engels. Die beleid was baie effektief, soveel so dat M.E.R opgemerk het: "*Vanaf gedwonge Engels en strafbare moedertaal het ons meisies gekom tot gewillige en gladde hantering van Engels in die skool, op straat en onder mekaar*". Die verengelsing was inderdaad besig om veld te wen, soveel so dat die skrywer Olive Schreiner in 1896 kon voorspel: "*In fifty years, fight and struggle against it as we wish, there will be no Boer in South Africa*".

*speaking the Taal, save as a curiosity: only the great English-speaking South African people. This movement cannot be hindered, it cannot be stayed, it is inevitable*".

Opmerklik is dat sy praat van Boere wat Engels praat. Jaap Steyn dui oortuigend aan dat Afrikanerskap en die Afrikaanse taal losweg aan mekaar verbind was. Die samebindende faktore was godsdiens en geskiedenis. Dit was mense soos Totius en die GRA wat Afrikaans onlosmaaklik aan Afrikanerskap verbind het. Volgens die GRA (Genootskap van Regte Afrikaanders- GRA) was daar drie groepe. "Daar is Afrikaanders met ENGELSE harte. En daar is Afrikaanders met HOLLANDSE harte. En dan is daar AFRIKAANDERS MET AFRIKAANSE HARTE.

Dit het tyd geneem vir Boere om Afrikaans te verstaan as 'n taal wat sy plek kan volstaan. M.E.R merk op dat sy eers net briewe aan haar moeder in Afrikaans geskryf het en toe "En later van tyd alles. Want toe het ons geweet Afrikaans is vir ons die taal van die hart"

Dit is opvallend dat van ons groot taalstryders en ikone nie van meet af aan so gedink het nie. CJ Langenhoven het gestel: "Skeur jou los van jou eie nasie af en verwonder jou dat die ander nasies nie oormekaar val om jou in te neem nie." Hy het as Sagmoedige Neelsie baie gedoen om Afrikaans as geskrewe taal te bevorder. Tog het hy as student opgemerk: "For intellectual training Africander Dutch offers no scope, for it has no literature and a very poor vocabulary." Soveel anders as sy latere insigte en bydraes! Hy het self baie bygedra tot Afrikaner literatuur en woordeskat.

Ons weet nie wat almal oortuig het om hulself vir Afrikaans te beywer nie. Ons weet wel dat die Jameson-inval vir baie 'n keerpunt

was. M.E.R merk op: "Dit het soos 'n weerligskerslag gewys waarheen ons gelei word – tot ontkenning van ons eie aard en wese, en om dit te vervang deur 'n namaaksel van die aard en wese van 'n ander volk; om iets vals en nutteloos te word. Verskrik, maar nog behoue, het ons die tyd van dwaasheid oorleef."

Die Jameson-inval het ook daartoe gelei dat verskansing teen verengelsing in die wetgewing van die ZAR en Vrystaat Republiek verskyn het. Dit was nie die eerste of die laaste poging om alles deel van die Engelse Empaaier te maak nie. #afrikaansmustfall is 'n verdere verbete poging om ons geliefde taal en ons identiteit te vernietig.

Ons omstandighede is in vele opsigte dieselfde. Die aanslag op ons taal roep ons tot aksie, hetsy kapitulasie of weerstand. Dit is te vroeg om onomwonde uitsprake te maak, maar dit wil lyk asof die aanslae op Afrikaans op kampusse dwars oor die land, ons Jameson-inval gaan blyk te wees. Dit is nooit te laat om positief te begin stry vir die behoud van ons wonderlike taal nie. Ons moet ook nie vorige uitsprake hou teen diegene wat hulle by ons wil skaar nie. Diegene wat ons dom wil laat lyk, hou nie rekening met die groot prestasies van Afrikaners nie, en ja, Afrikaans en Afrikaner is nou sterk verbind. Net soos daar 'n behoefte is aan vertalers om groot Duitse teologiese werke na Engels te vertaal, net soos daar gesoek word na goeie vertalers om Franse taalfilosofie na Engels te vertaal, net so sal Afrikaans ook vertaal word indien die inhoud van ons navorsing internasionaal gewig dra en 'n positiewe impak maak.

Engels is die taal van die onderdrukker en ons moet nie skaam wees om dit by herhaling te stel nie. Afrikaans en Afrikaners

was en is mense wat respek het vir almal se reg op bestaan. Die leuens wat deur die linkse liberale media geperpetueer word, moet nek-om gedraai word. Basta met Olive Schreiner se voorspellings.

## BERIGTE

- Na aanleiding van 'n navraag wat ontvang is, kan ons net stel dat die doel van die predikante se byeenkoms waar ons oor die doop praat, is om ons teologie te toets. Dit sal nie noodwendig uitloop op die formulering van 'n nuwe formulier nie. Teologiese nadenke en slyp van denke is belangrik vir elke predikant. GHG predikante gaan D.V. op 27-28 April 2016 bymekaar kom om in diepte oor die doop te praat; alvorens daar gekyk sal word na moontlike nuwe formuliere. **Alle predikante word opgeroep** om die byeenkoms by te woon. U moet u teenwoordigheid bevestig. [gimwol@yahoo.com](mailto:gimwol@yahoo.com)
- Ds Frans Oosthuizen is op 13 Maart 2016 om 11:00 bevestig te **Meyerspark** deur Ds Rudi Schoeman. Ds Elmien was ook bevestig by dieselfde geleentheid, steeds as Polisie kapelaan. Baie geluk aan albei van hulle. Die gemeente sien saam met u uit na 'n nuwe fase.
- **Vaalwater** gemeente is vakant. Dr Malan Storm gaan elke tweede week daar preek en die gemeente pastoraal bystaan.
- **Roedtan** gemeente sal deur ds. Elmien Oosthuizen bedien word tot einde Junie 2016.
- **Pietersburg** gemeente het 'n kontrak met ds. Thys Fourie onderteken. Hy sal in die gemeente werksaam wees tot einde Desember 2016, waarna die kerkraad weer oor bediening sal besin.

- Gemeente Meyerspark doen weekliks besoek by die Wilgers hospitaal. Wat besoeke bemoeilik, is dat pasiënte baie keer nie hulle kerkverband op die opname vorm invul nie. Gevolglik het die hospitaal nie rekord van watter mense van die Hervormde Kerk in die hospitaal is nie. Ons wil graag almal besoek, ook lidmate van ander gemeentes. Skryf "**Hervormd**" of "**GHG**" by "Kerkverband" op die registrasie-vorm.

## KENNISGEWINGS

### Advertensies

Lidmate wat belangstel om meer te wete te kom oor die Calvinistiese alliansie en in die besonder gedagtes oor weerbaarheid, kan gerus die skakel hier onder opvolg: [https://www.facebook.com/steedshervormers/posts/990507434364632?notif\\_t=page\\_wall](https://www.facebook.com/steedshervormers/posts/990507434364632?notif_t=page_wall)

Neem asseblief kennis van die advertensies wat ingesluit is.

- Steve Hofmeyr tree op by Premiermyn Hervormde Kerk. Saterdag 23 April 2016. Beperkte sitplekke nog beskikbaar. Kontak Alta vir kaartjies 082 682 1252
- Oornag fasiliteite by Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of [auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za).
- Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.

<http://www.geloofsbond.org.za/>

### •Drukwerk

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorieboeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

[ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

Vir verpakkingsmateriaal, spysenieringsbenodigdhede en skoonmaakmiddels vir funksies van kerke en skole, skakel **MW PACKAGING** by **018 381 1494**.



**23 April 2016 om 19:00**  
**Hervormde Kerk, Cullinan**  
**H/v Zonderwater & R515**  
**R200-00 per persoon**  
**Kerrie & Rys R30-00**  
**Besprekings: Alta 082 682 1252**